

**Dinsdag 30 Julie**

**Skrifgedeelte: Johannes 20:1-31**

**Fokusgedeelte: Johannes 20:27**

### **Hoe kry 'n mens sekerheid?**

Die opstanding van Jesus – dit is waarom Tomas twyfel. Soms dink ons twyfel is 'n moderne ding, maar hieruit is dit duidelik dat dit nie is nie! Tomas het saam met Jesus geleef, hy het saam met die ander dissipels geleer en was sekerlik ook maar teleurgesteld toe Jesus gekruisig en begrawe word. Was Tomas maar 'n swakkeling, of hoekom het hy getwyfel?

Lees weer verse 25 en 26 – tussen hierdie twee verse verloop 'n week. Die eerste Sondag verskyn Jesus aan die dissipels. Maar Tomas is nie daar nie. En dis hoekom hy twyfel. Hy wil graag eers sien, en hy stel dit baie duidelik aan die ander dissipels.

In 1 Johannes 5 staan daar: Hierdie brief skrywe ek aan julle, sodat julle kan WEET dat julle die ewige lewe HET. Met ander woorde: Sekerheid! Sekerheid wat waarvandaan kom? Uit dit wat GESKRYF is! Ons moet uitkom by dit wat GESKRYF is. Dit is God se getuienis wat in die Bybelbladsye geskryf staan.

Die vraag is: Hoe kry 'n mens sekerheid? Vra vir jouself hierdie vrae af:

- Sal/kan God ooit jok en my om die bos lei?
- Is die Bybel se woorde regtig Gó d se Woord aan mý?
- Wát belooft Hy aan my in sy Woord?

As jy steeds twyfel, weet dit: Jy hoef nie te glo omdat almal glo nie. Jy kan dit verder gaan ondersoek. Vra vrae, ondersoek en gebruik jou verstand.

Maak egter ook jou hart en gees gewillig om te luister as Jesus deur die Heilige Gees voor jou kom staan en sê: Bring jou vinger hier en kyk na my hande, en bring jou hand en steek hom in my sy, en moenie langer 'n ongelowige wees nie, maar wees gelowig!

*Sing: Skrifbelyning 11-2:1, 2*

*Ds. DG Zwemstra (Dinant) (Strand)*